Beste Skole

**UKZN KINDERBOEKFEES 25–26 FEBRUARIE 2015**

U skool word vriendelik uitgenooi na UKZN se KINDERBOEKFEES, in samewerking met die ATKV en LAPA-uitgewers, wat op 25 en 26 Februarie op die Pietermaritzburg-kampus van UKZN en by Hilton College gaan plaasvind.

Hierdie fees is die enigste van sy soort in Suid-Afrika. Die fokus is op beide primêre en sekondêre leerders, sowel as Afrikaans-onderwysers.

Die volgende bekende skrywers sal as sprekers by die fees optree: Jaco Jacobs, Irma Joubert, Nico Moolman, Sophia Kapp, Dianne Stewart en Christien Neser.

Verrigtinge op 25 Februarie sal in twee sessies verdeel word. Die eerste sessie sal op die grondslagfase gerig word en die middagsessie op die intermediêre fase.

Op 26 Februarie verskuif die klem na hoërskoolleerlinge en verrigtinge vind tussen 8:45 en 14:00 by Hilton College plaas.

Daar sal ook boekuitstallings wees wat ’n gulde geleentheid sal bied om die Afrikaanse boeke vir u biblioteke aan te vul. Leerders sal ook die geleentheid hê om die gewildste Afrikaanse boeke te koop. Karien Brits van die ATKV sal tussen spreekbeurte ’n “Spelathon”-kompetisie aanbied en daar sal dan ook boekpryse vir die wenners wees.

Indien u belangstel om hierdie fees by te woon en meer besonderhede oor die program wil hê, kontak asseblief Darryl David (davidd@ukzn.ac.za), Eugène Marais (maraise@ukzn.ac.za) of Loraine Prinsloo (prinslool@ukzn.ac.za) **teen 20 Februarie 2015.**

Vriendelike groete

Departement Afrikaans en Nederlands

UKZN

## PROGRAM: UKZN KINDERBOEKFEES

## 25 Februarie 2015 (PMB - UKZN)

| | |
|---|---|
| **DAG EEN** | **25 FEBRUARIE 2015** |
| **SESSIE EEN** | **9:00-10:30** |
| 9:00-9:30 | **Christien Neser:** Hoekom moet ek lees? |
| 9:30-10:00 | **Jaco Jacobs:** Van seerowers tot superdoeper-sjampoe: Boeke wat jou sal laat skaterlag! |
| 10:00-10:30 | **Kathy Pienaar:** Boekillustreerder |
| | |
| **SESSIE TWEE** | **10:30-14:00** |
| 10:30-12:00 | Fliek: ***Suurlemoen*** |
| | |
| **12:00-12:30** | **Middagete** |
| | |
| 12:30-13:00 | **Dianne Stewart** |
| 13:00 – 13:30 | **Christien Neser** |
| 13:30-14:00 | **Jaco Jacobs:** Van Zackie Mostert tot zombietamaties: Die wonderlike wêreld van Jaco Jacobs! |

### Karien Brits – Spelathon

**Karien Brits van die ATKV sal tussen spreekbeurte 'n "Spelathon"-kompetisie aanbied.**

**BOEKPRYSE VIR DIE WENNERS!**

**PROGRAM: UKZN KINDERBOEKFEES**

**26 Februarie 2015 (Hilton College)**

| **DAG TWEE** | **26 FEBRUARIE 2015** |
|---|---|
| **SESSIE EEN** | **8:45-11:30** |
| 8:45-9:00 | Verwelkoming |
| 9:00-9:30 | Filmverse |
| 9:30-11:00 | Fliek: ***Suurlemoen*** |
| 11:00- 11:30 | **Jaco Jacobs:** My hart is 'n suurlemoen |
| | |
| **11:30-12:00** | **Middagete** |
| | |
| **SESSIE TWEE** | **12:00-14:00** |
| 12:00-12:30 | **Christien Neser:** Hoekom moet ek lees? |
| 12:30-13:00 | **Sophia Kapp:** Hoe gemaak met skryf? |
| 13:00-13:30 | **Nico Moolman:** *The Boer Whore* |
| 13:30-14:00 | **Irma Joubert:** *Tussen stasies / Tolbos* |

**Karien Brits – Spelathon**

**Karien Brits van die ATKV sal tussen spreekbeurte 'n "Spelathon"-kompetisie aanbied.**

**BOEKPRYSE VIR DIE WENNERS!**